

**“Here's something to think about: How come you never see a headline like 'Psychic Wins Lottery'?”**

**Jay Leno**

**HELDERSIENDE OF SOSIALE MEDIA**

EU Plantgesondheid (DG SANTE) het óf hul manier om hul besluite te kommunikeer, verander, óf hulle ver wag dat handelsvennote in die toekoms in moet kan sien. DG SANTE het ver wag dat Suid-Afrika hul ongeregver dige, wetenskaplik foutiewe, onnodige en buitensporige maatreëls op VKM geïmplementeer het VOORDAT die Suid-Afrikaanse Nasionale Plantbeskermingsorganisasie (Departement Landbou Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD)) selfs amptelike kennis van die nuwe maatreëls ontvang het. In DG SANTE se korrespondensie sê hulle dat DALRRD “should have known what was coming”. Ons is onseker of Suider-Afrika moes geweet het omdat die Minister van Landbou in Spanje oor sy politieke oorwinning getwiet het (hy het getwiet nog voordat die stemme getel is); of bedoelende dat DALRRD 'n kristalbal moet hê wat hulle in staat stel om DG SANTE se veranderde maatreëls te weet alvorens hulle dit publiseer.

Hierdie charade word belaglik – en bedreig die loslating van honderde houers van Suider-Afrika se lemoene wat reeds op die water is. Dit is tog nie die manier om 'n handelsvennoot van meer as honderd jaar te behandel nie, en dit is tog nie hoe die Internasionale Plantbeskermingskonvensie (IPPC) voorskryf dat nuwe maatreëls bekend gemaak en geïmplementeer word nie. Dit is nie 'n risiko wat noodmaatreëls vereis nie - inderdaad sou 'n mens strenger maatreëls teen diegene ver wag met aansienlik meer onderskeppings oor die afgelope drie jaar. Hê 'n mate van simpatie met Eswatini (voorheen Swaziland) – in 2020 en 2021 het hulle GEEN onderskeppings gehad (nul, nada, geen) – en tog is hierdie belaglike nuwe maatreëls ook op hul lemoen-uitvoere na die EU van toepassing.

Dit is 'n hartseer dag vir die wetenskap en ek is seker alle werklike wetenskaplikes regoor die wêreld moet met groot kommer kyk hoe hierdie charade ontvou – maatreëls word nou gepubliseer sonder enige tegniese regverdiging, en suiwer op politieke proteksionisme gebaseer.

Gesonde verstand moet tog seëvier.

**BOODSKAP VAN CITRUS ACADEMY**

Die Citrus Academy is by 'n verskeidenheid vaardigheidsontwikkelingsaktiwiteite betrokke. Om te verseker dat die relevante menslike hulpbron- en talentontwikkelingsbestuurders binne sitrus-ondernemings op hoogte bly van wat ons doen, vul die registrasievorm by die onderstaande skakel in: <https://citrusacademy.org.za/citrus-academy-hr-reps-registration/>

**GEPAK EN VERSKEEP**

Die Variëteitsfokusgroepe het hul voorspellings vir die res van 2022 oorweeg en uitvoervolumes met 3,7 miljoen kartonne aangepas. Die vermindering is hoofsaaklik van die Navel Fokusgroep (1,5 miljoen minder) en Pomelo Fokusgroep (met 1,1 miljoen minder). Kleiner afnames van Valencia Fokusgroep (600 000), Mandaryn Fokusgroep (400 000) en Suurlemoen Fokusgroep (100 000).

Einde van Week 25 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
<b>BRON: PPECB/AGRIHUB</b>	2020	2021	2022	2021	2022	2022	2022	2021
Pomelo's PP (17kg)		2.1 m	2.4 m	1.6 m	1.7 m			
Pomelo's Klas 1&2 (17kg)		10.1 m	9.6 m	9.6 m	8.2 m			
Pomelo's	12.8 m	13.8 m	13.6 m	12.7 m	11.2 m	16.8 m	15.7 m	17.5 m
Mandaryne	11.1 m	13.7 m	12.8 m	9.9 m	10.7 m	34.5 m	34.1 m	30.9 m
Suurlemoene	19.0 m	18.9 m	20.5 m	16.0 m	18.5 m	32.3 m	32.2 m	31.0 m
Nawels	13.6 m	14.6 m	12.7 m	9.3 m	9.1 m	28.7 m	27.2 m	27.2 m
Valencias	3.7 m	4.6 m	3.2 m	2.4 m	1.5 m	58.2 m	57.6 m	55.0 m
<b>Totaal</b>	<b>60.2 m</b>	<b>65.6 m</b>	<b>62.8 m</b>	<b>50.3 m</b>	<b>51.0 m</b>	<b>170.5 m</b>	<b>166.8 m</b>	<b>161.6 m</b>